

Die Vatelot-Rampal Projek vir Suid-Afrika

Persvrystelling

‘n Topspan van die wêreld se heel voorste vioolkenners uit Frankryk beplan om Suid-Afrika in Januarie 2018 te besoek. **Jean-Jacques Rampal** is die Direkteur van die Parys-gebaseerde *Maison Vatelot Rampal* en saam met sy kollega, **Jean-François Raffin** – wie waarskynlik die wêreld se voorste stryktokdeskundige is – sal hy ‘n span van vyf van Frankryk se voorste kenners na verskeie sentrums in die land lei.

Mnr Rampal is een van die wêreld se hoogste kenners van die vioolfamilie en is die heel voorste kundige op Franse instrumente. Hy is ook die vakkundige staatsgetuie by die Paryse Hoëgeregshof (die *Cours d’Appel*). Insgelyks word Jean-François Raffin internasionaal beskou as die voorste deskundige op stryktokke – sy sertifiserings en waardasies is bo alle geskil. Saam met Bernard Millant en Bernard Gaudfroy was hy medeskrywer van die massiewe drie-volume boek, *The Bow* (Die Stryktok), wat die voorste naslaanwerk oor die Franse skool van stryktokvervaardiging is. Hy dien vanaf 1996 as stryktokkenner by die Paryse Hoëgeregshof.

Hierdie twee deskundiges sal deur Jonathan Marolle, Yannick Lecanu en Sylvain Bigot bygestaan word. Marolle is die meeservakman in die Vatelot-Rampal ateljee in Parys en onderneem die meerderheid van die assesserings vir die gereelde internasionale vioolveelings in Vichy – een van die wêreld mees belangrike vioolveelings. Yannick Lecanu en Sylvain Bigot is vooraanstaande Franse viool- en stryktokdeskundiges en beide is deur die Hoëgeregshof in respektiewelik Douai en Lyon aangewys as vakkundige staatsgetuies.

Die *Maison Vatelot Rampal* is in 1909 in Rue Portalis in Parys deur Marcel Vatelot gestig en is Frankryk se voorste vioolateljee wat tot vandag toe nog as kolos die internasionale vioollandskap domineer. Sedertdien is hierdie ateljee deel van die stompgrond van die wêreld se voorste violiste waar die mees waardevolle instrumente opgestel en herstel word. By die dood van Etienne Vatelot in 2013 het die besigheid onder die algehele bestuur van Mnr Rampal gekom, wie die seun is van die bekende fluitspeler, Jean-Pierre Rampal. Dit was altyd op gelyke voet met *W. E. Hill & Sons* en *Bearnes* in Engeland, *Hjörth* (Kopenhagen) en met talle ander besighede wat vandag nie meer bestaan nie, en dit blyk die oudste van die groot en legendêre vioolateljees te wees wat nog steeds bedryf.

Mnr Rampal en sy kollegas ondersoek die moontlikheid om binne Suid-Afrika ‘n soortgelyke infrastruktuur te skep as dié wat hulle reeds in Rusland, Suid-Korea, Japan, Duitsland en Switserland daargestel het, te wete ‘n tweejaarlikse of selfs ‘n jaarlikse besoek aan die hoofsentrums om musici toegang te bied tot die hoogste internasionale kundigheid om geskrewe assesserings, waardasies, en veral sertifiserings vir hulle instrumente en stryktokke te bekom.

Ten einde die aanvanklike peiling vir so ‘n besoek te onderneem, het *Maison Vatelot Rampal* vir Johan Grobbelaar genader, wie ‘n gevestigde vioolhandelaar en kundige binne Suid-Afrika is. Mnr Grobbelaar is ‘n voormalige SAUK Televisie Musiekregisseur en was later Bestuurder van die KZN Philharmoniese Orkes. Hy is tans die direkteur van *The Violin Connection of Southern Africa* wat hom toespits op die handel in professionele viole en stryktokke. Hy het ook vir 10 jaar in Frankryk gewoon en praat Franse vlot. Hy sal uiteindelik die Franse span se Suid-Afrikaanse besoek koördineer, indien voldoende belangstelling getoon word.

“Dit word regdeur die vioolwêreld aanvaar dat sertifiserings deur Mnr Rampal en Mnr Raffin koeëlvas en bo alle geskil is,” sê Mnr Grobbelaar. *“Die byna algehele afwesigheid in Suid-Afrika van enige betekenisvolle kundigheid in hierdie sektor van ons musiekwêreld, sou hierdie onderneming die moeite werd maak as ‘n diens aan musiek in hierdie land. Mnr Rampal is by magte om die mees waardevolle instrumente ter wêreld te sertifiseer.*

“Die hoofsaaklike verskil tussen hierdie projek en ander soortgelyke besoeke deur kenners uit die buiteland, veral onlangs, is egter dat hierdie nie ‘n gratis diens is nie, maar dat dit teen betaling sal geskied, gebaseer op die normes wat internasionaal op sulke kundigheid en dokumentasie van toepassing is. Dit beteken dat die koste vir ‘n geskrewe assessering 3% van die waarde van die instrument sal beloop. In die geval van sertifikaat van eghed is die koste 5% van die waarde van die item, maar dan sal die sertifisering ook ‘n gratis waardasie insluit. Vir meer basiese instrumente sal ‘n eenmalige vaste prys van toepassing wees, in hierdie geval €100, ongeag die oorsprong of gehalte van die instrument. En dis hoe dit deur die hele wêreld gedoen word.”

Wat sal musici baat met so ‘n besoek? Grobbelaar sê, *“Aangesien geen mens by sy volle verstand teen ‘n Rampal of ‘n Raffin sertifikaat sal argumenteer nie, sal so iets in ‘n groot mate ons musici bemagtig en hulle beskerm teen ‘n genadelose en uitbuitende vioolmark en ook as skans dien teen pogings tot bedrog deur inhale “kundiges” en gladdebek afslaers, en sodoende verseker dat korrekte herkoms en waardes gerespekteer word. En dit sal definitief Suid-Afrika ‘n baie minder aantreklike bestemming maak vir die Indiana Joneses uit Europa wat maklike winskopies opjaag by liggelowige en onkundige instrumenteienaars. En dit sou hopelik ook bydra tot die vestiging van ‘n lewensvatbare vioolmark binne Suid-Afrika wat Europese besighede en afslaers sal uitskakel wat tot dusvêr ons land geplunder en gestroop het ten koste van ons jong musici wat nie meer ordentlike instrumente plaaslik kan bekom nie.”*

'n Verdere verskil met ander soortgelyke kundige besoekers oor die afgelope twee dekades is dat die doelwit in hierdie geval nie die vewyding van instrumente uit Suid-Afrika uit is vir verkoop in Europese besighede en veilings nie, soos meestal die geval was in die verlede, maar om 'n opregte, gereelde en betroubare diens aan musici te lewer. Suid-Afrika het groot aantalle waardevolle en uitstekende instrumente aan Europese handelaars en veilings verloor, wat gelei het tot die uitputting van ons eie instrumentvoorraad. In sommige gevalle was die hoogs-gepubliseerde besoeke en aanbiedinge van “gratis” waardasies niks minder as 'n dun-bedekte verkenning van watter instrumente hier beskikbaar is nie, met die uiteindelige doel om hierdie instrumente in veilings en vioolbesighede in die buiteland in te hark. Sulke veilings is meestal ontwerp om the afslaer te bevoordeel en ongelukkig, in baie gevalle, het dit 'n verlies teweeg gebring vir die onkundige en beïnvloedbare eienaars wat hulle instrumente afgestaan het na beloftes van groot winste oorsee.

In ons voorgestelde projek het Mnr Rampal en sy span die versekering gegee dat geen poging oorweeg sal word om instrumente uit Suid-Afrika te verwyder nie en dat diene wat van hierdie geleentheid gebruik sou maak van 'n billike en akkurate geskrewe assessering verseker sal word wat teen enige ondersoek staande sal bly.

Dit was die toenemende wete dat musici in derde-wêreld lande doodeenvoudig geen toegang het tot wêreldklas kundigheid nie, maar wél in besit is van goeie en waardevolle instrumente, wat tot die ontstaan van hierdie internasionale projek deur *Maison Vatelot-Rampal* gelei het. In talle gevalle het die ou oorspronklike sertifikate van die instrumente deur die jare verlore geraak. Maar selfs belangriker nog is dit – talle van die sertifiserings wat vóór die 1950s opgestel was, is die afgelope tyd bevestigings en het onder dispuut gekom deurdat dit gewys is dat baie instrumente wat vroeër aan 'n spesifieke maker toegeskryf was, se outeurskap later aan 'n ander maker toegeken is.

Dit is die direkte gevolg van 'n massiewe toename in gedrukte naslaanbronne, verbeterde fotografiese rekords deur die jare – en meer onlangs – die internet met sy oënskynlik onuitputbare verwysingsbronne met bykans volkome fotografiese rekords van die handewerk van die mees belangrike makers. Soiets was doodeenvoudig nie in die 1920s en 30s beskikbaar nie. As voorbeeld – terwyl 'n kundige in die 1920s in alle eerlikheid en goedertrou geglo het dat 'n goeie Franse instrument met 'n *Nicolas Lupot* etiket inderdaad deur Lupot gemaak is, het 'n meer onlangse ondersoek teen vandag se wyer verwysingsraamwerk aan die lig gebring dat die viool in werklikheid deur *Gand Père* gemaak is. 'n Tjello met 'n *Rocca* etiket word na ondersoek aan die *Gagliano Broers* toegeskryf. Verder is talle van die mees waardevolle Franse strykstokke nie gestempel nie. En so kan die betroubaarheid van jou eghheidsertifikaat die verskil tussen 'n groot toename of 'n groot verlies in waarde beteken.

Dis noodsaaklik dat eienaars van waardevolle instrumente en stokke hulle sertifikate, toeskrywings en waardasies wat ouer as 30 jaar is hersien om korrekte indentifisering in die lig van moderne verwysings te verseker, wat dan sodoende as effektiewe beskerming sal dien teen dispute, om pogings tot onder-evaluerings deur afslaaers en handelaars te ontmoedig en om korrekte waarde te verseker teen 'n kontemporêre prysgeskiedenis. En laastens – talle hoëprofiel instrumente wat dalk hulle oorspronklike sertifikate verloor het, kan deur hierdie diens nuwe geldige papierwerk ontvang. Om sulke dokumentasie deur wêreld-erkende deskundiges soos Mnr Rampal en Mnr Raffin te bekom, is 'n besondere geleentheid.

Diegene wat vir Mnr Rampal of Mnr Raffin of 'n ander lid van hierdie span wil ontmoet tydens hulle voorgenome besoek aanstaande jaar met die doel om dokumentasie vir hulle instrumente en strykstokke te bekom, word uitgenooi om 'n e-pos te stuur info@violins.co.za met 'n aanduiding van waar hulle woon (die naaste groot sentrum) asook inligting oor die instruments wat ter sprake is. Alternatiewelik sal 'n skakel beskikbaar wees op die webwerf www.violins.co.za wat direk sal lei na 'n spesiale bladsy oor hierdie voorgestelde besoek. Op die tuisblad klik op “*Vatelot Rampal Projek*”.

Geskryf deur Johan Grobbelaar.
Januarie 2017. Alle regte voorbehou.